

'n Oproep aan alle mans

Chris Jones*

Ons vier elke jaar in Maart [Internasionale Vrouedag](#) (8 Maart) en ook [Menseregtedag](#) (21 Maart).

Met dit in gedagte, en ook in die lig van die [#A Call To All Men](#)-inisiatief wat ek en my kollega, Bernard Lategan, in November 2022 begin het en wat tot November 2023 sal duur, fokus hierdie artikel op vroue, en veral op hulle reg tot veiligheid, sekerheid en menswaardigheid wat gereeld geskend word.

Dit is belangrik dat ons hierop konsentreer, aangesien die Handves van Regte in ons Grondwet die volgende verklaar: "Elkeen het die reg op vryheid en sekerheid van die persoon, whereby inbegrepe is die reg om vry te wees van alle vorme van geweld van hetsy openbare hetsy private oorsprong." 'n Soortgelyke idee word ook deur die [Universele Verklaring van Menseregte](#) voorgestaan.

Soos ons almal weet, kan vroue (asook kinders en ander kwesbare groepe) nie 24 uur per dag deur die polisie en regering beskerm word nie. Ons moet egter erkenning aan hulle pogings in hierdie verband gee.

Hoewel dit nie perfek is nie, verskerp die polisie voortdurend hulle reaksie op geslagsgebaseerde geweld en moord op vroue en meisies weens hulle geslag ("femicide" ofte wel GBGF) uit 'n operasionele en wetgewende oogpunt. Baie plegers van hierdie misdade ry aan die pen.

Toe die jongste Suid-Afrikaanse misdaadstatistiek vir die tydperk van Oktober tot Desember 2020 onlangs bekendgemaak is, het ons minister van polisie, Bheki Cele, [daarop gewys](#) dat 4 992 verdagtes in verband met GBGF in hegtenis geneem is.

In dieselfde tydperk is 71 beskuldigdes 89 lewenslange tronkstraf opgelê; 219 beskuldigdes is tussen een en nege jaar tronkstraf opgelê, wat altesame 1 079 jaar agter tralies is; 143 beskuldigdes is tien tot 19 jaar tronk toe gestuur, wat altesame 2 063 jaar gevangenisstraf is; en 67 ander beskuldigdes is gesamentlik tot 20 jaar en meer vir GBGF-verwante misdade gevonnissen.

Die [onlangse vonnisoplegging van die agtjaaroue Tasne van Wyk se moodernaar](#) – wat nege keer lewenslank gevonnissen is vir die grusame moord en verkragting van die meisietjie, is wyd verwelkom.

Gemeenskap en media

Gemeenskappe en die media moet die polisie se bondgenote teen misdaad wees, veral wat betref die voorkoming en bekamping van GBGF.

Community and media

Cele het dit benadruk toe hy die volgende [gesê](#) het: "Dit bly verraad teen menslikheid om weg te kyk en mishandeling van en geweld teen enigiemand te ignoreer – wat nog te sê van vroue, kinders en ander kwesbare groepe in die samelewing ... inligting uit die gemeenskap [en verslaggewing deur die media] is noodsaaklik en kan polisieondersoeke help."

António Guterres, sekretaris-generaal van die VN, het ook 'n [oproep](#) tot optrede gedoen: "Optrede om saam met vroue te staan wat hulle fundamentele regte opeis, ondanks die hoë persoonlike prys wat hulle moet betaal. Optrede om beskerming teen seksuele mishandeling te verskerp. En optrede om vroue se volle deelname en leierskap te versnel."

'n Oproep aan mans

In Suid-Afrika vier ons jaarliks vrouemaand in Augustus en kort daarna begin ons voorberei vir die sestien dae van aktivisme teen geslagsgebaseerde geweld van 25 November (ook [Internasionale Dag vir die Uitroeijing van Geweld teen Vroue](#)) tot 10 Desember ([Internasionale Menseregtedag](#)).

Hierdie tyd van die jaar fokus ons op die hoë voorkoms van geweld teen vroue wat so kenmerkend is van ons samelewing. Dit voel partykeer asof al hierdie pogings nie enigsins 'n verskil maak nie, maar ons moet vasbyt en aanhou met ons pogings om vroueregte 'n werklikheid te laat word.

Die skrilte werklikheid is dat mans in die meeste gevalle die plegers van geweld teen vroue is. As mans moet ons nie hierdie waarheid ontken óf langer stilbly nie. Ons het in baie gevalle nie net vroue nie, maar ook onself en ons demokratiese hoop in die steek gelaat.

Ons het as mans versuim om:

- ons deel by te dra om 'n omgewing te skep waarin vroue veilig, onafhanklik en vry is;
- die menswaardigheid van vroue te eer;
- vroue in alle opsigte as ons gelykes te respekteer;
- vroue se bydraes en onontbeerlike rol in die samelewing te erken; en
- saam met vroue as gelyke vennote te werk om 'n inklusiewe, nie-rassige en demokratiese land te skep.

Hierdie mislukking het tot 'n samelewing bygedra wat deur die allerverskriklikste misdade gekenmerk word waar vroue daagliks deur mans – dikwels mans wat hulle ken – verkrag en vermoor word.

Hoewel mans ook die slagoffers van misdaad, geweld en verkragtig is, kan dit nie as 'n verskoning dien nie. Deur ons eie kwesbaarhede onder die oë te sien, moet ons as mans in staat stel om vroue se posisie beter te verstaan. Daarom moet ons as mans ons daartoe verbind om:

- verantwoordelikheid te aanvaar vir ons individuele gedrag;
- ons ingesteldhede jeens en vooroordele teenoor vroue krities te ondersoek en te heroorweeg;
- die diepgaande ongelykheid in ons samelewing en die misbruik van mag as grondoorsake van geweld te erken;
- die menswaardigheid en onafhanklikheid van alle vroue ten volle te eer en te koester; en
- altyd met respek, waardering en deernis teenoor vroue op te tree.

Aangesien gewelddadige optrede floreer waar omstanders niks doen nie, moet ons ons daartoe verbind om alle vorme van manlike gedrag wat vroue se reg tot veiligheid, sekerheid en menswaardigheid aantas, aan te spreek en teen te staan – hetsy dit in ons huis, die werkplek of in sosiale ruimtes is.

Ons moet ons daartoe verbind om aandagtig na vroue te luister, te leer hoe hulle die wêreld, die instellings en die ruimtes wat ons deel, ervaar, asook om te bepaal wat hulle van ons as hulle manlike bondgenote verwag.

Wanneer ons op 21 Maart oor menseregte in Suid-Afrika nadink, is ons dankbaar vir die vordering wat die afgelope drie dekades gemaak is, maar ons moet ook nadink oor die lang pad wat nog voorlê, veral wat betref die verwesenliking van die regte van vroue (en kinders).

Daarom wil ek mans uitdaag om ons verklaring, [#A Call to All Men](#) (“’n oproep aan alle mans”), te lees en dit te ondersteun deur jou naam by te voeg en deur ander mans aan te moedig om dieselfde te doen.

***Dr Chris Jones is hoofnavorsers in die Departement Sistematiese Teologie en Ekklesiologie en ook hoof van die Eenheid vir Morele Leierskap aan die Universiteit Stellenbosch.**